# Voorsitterverslag 2024

***Josey Hendriks***

**Opening:** Romeine 8:28-34

Ek wil graag 'n hartlike welkom uitspreek aan die ouers, onderwysers en my mede-lede van die beheerliggaam.
Dit is 'n voorreg om as voorsitter van die beheerliggaam van Laerskool Lichtenburg verslag te doen oor die 2024-skooljaar.

## Beheerliggaam

Op 12 Maart is 'n nuwe beheerliggaam verkies wat vir die volgende drie jaar sal dien. Die lede van die beheerliggaam is soos volg:

- **Voorsitter:** Mnr. Josey Hendriks
- **Onder-voorsitter:** Mnr. Hannes van Niekerk
- **Tesourier:** Mnr. Johan Buitendag (Finansiële komitee)
- **Sekretaresse:** Mev. Sandra Delport (Administrasie)
- **Lede:**
  - Mnr. Richard Champion (Skoolhoof)
  - Mnr. Tienie Gouws (Adjunk-hoof)
  - Mev. Corne Visser (Akademiese hoof)
  - Mev. Annamarie Francisco (Kultuurhoof)
  - Mnr. Fanie Myburg (Sporthoof)
  - Mnr. Liaan Kriel
  - Mnr. Jonathan Francisco
  - Mnr. Herman du Preez
  - Mev. Nicolene Leonard

Soos voorgeskryf deur die wet, is daar vier formele beheerliggaamvergaderings gehou, en verskeie informele vergaderings om verskillende sake te bespreek.
Ons bedank graag al die lede van die beheerliggaam vir hul bydraes, ondersteuning en harde werk gedurende die jaar.
'n Spesiale dank aan Mnr. Johan Buitendag wat sy professionele dienste as rekenmeester gratis aan die skool gebied het.

## Personeel

Die skool het tans **46 personeellede**. Die personeelkorps bestaan uit die volgende poste:

- Departementele poste: 19
- Beheerliggaamposte: 9
- Administratiewe poste: 4
- Assistente: 5
- Terreinpersoneel: 1
- Algemene werkers: 8

Ongelukkig het ons hierdie jaar een personeellid aan die dood afgestaan, nl. Mev Mellicah Mothlatledi. Ons dra ons meegevoel oor aan haar familie en bid vir hulle sterkte in hierdie moeilike tyd.

# Voorsitterverslag 2024

***Josey Hendriks***

Mev. Lené Kraft verlaat ook ons diens aan die einde van die jaar. Die pos is reeds geadverteer, en onderhoude sal voor die einde van die jaar gevoer word.

## Finansies

Mnr. Buitendag sal 'n volledige verslag lewer, maar ek wil graag 'n paar kernpunte uitlig:

- Daar is tans **536 leerlinge** in die skool, en die skoolfonds beloop **R13,925**.
- Tot op datum is **69%** van die skoolfonds ingesamel.
- Uitgawes is goed binne die begroting bestuur.
- Verskeie fondsinsamelings is gehou, soos die kaskarprojek, wat meer inkomste gegenereer het as wat oorspronklik begroot is.
- Dit is vir ons 'n groot voorreg om te bevestig dat die skool se finansies baie gesond is en uitstekend bestuur word.

## Sport

Die skool het hierdie jaar uitstekend presteer op sportgebied. Verskeie spanne het hul ligas gewen, en 'n groot aantal kinders het die provinsie verteenwoordig. Ek wil graag uitlig dat Laerskool Lichtenburg erkenning gee aan leerders in alle sportsoorte, nie net in die tradisionele sporte nie. Dit was duidelik sigbaar tydens die onlangse prysuitdeling, waar leerders erkenning ontvang het vir onder andere perdry, karate, dans en ander sporte.
Aan die einde van November bied ons skoolterrein 'n atletiekkamp aan, waar afrigters en atlete die geleentheid het om deur van die land se topafrigters afgerig te word.

## Kultuur

Op kultuurgebied het ons leerders aan verskeie kompetisies deelgeneem en uitstekende prestasies behaal. Almal sal saamstem dat die kultuurhoogtepunt van die jaar die konsert *"Suzie se Fliekavonture"* was, waarin leerders van Graad 3 tot 7 deelgeneem het. Volgende jaar is dit die beurt van die Graad 1's tot 3's om hul konsert aan te bied. Baie dankie en geluk aan Mev. Francisco en Mev. Du Preez vir hul uitsonderlike werk.








# Voorsitterverslag 2024

*Josey Hendriks*

## Terrein

'n Nuwe omheining en geëlektrifiseerde drade is geïnstalleer.




**Ons nuwe omheining**

Die waterprojek is suksesvol geloods met 2 damme en besproeiing wat opgerig is. Die verskil is duidelik sigbaar, en die terrein lyk pragtig. Baie dankie aan almal vir hul bydrae.



**April 2024 (voor waterprojek)**



**Watertenks met doseerder**



**November 2024**




Plaveisel is by beide die klipsaal en naskoolsentrum aangebring.
Tussen November en die begin van die nuwe skooljaar sal die badkamers, sowel as die voorportaal van die saal, opgeknap word.

# Voorsitterverslag 2024

*Josey Hendriks*

## Na-skool

Daar is tans **170 leerders** en **11 personeellede** by die na-skool. Ons ontvang baie positiewe terugvoer, en die na-skooldienste dien as 'n waardevolle ekstra bron van inkomste vir die skool. Baie dankie aan Mev. Swanepoel en haar span vir hul harde werk en toewyding.



**Naskool-sentrum**



**Nuwe plaveisel by naskool**

## Projekte

2 Projekte wat ek graag uitlig:

**1. Hoërskool se nuwe astro-hokkiebaan**
Die hoërskool het begin met die beplanning van 'n nuwe astro-hokkiebaan. Laerskool Lichtenburg het 'n bydrae van R250 000 gemaak, wat ons 'n sekere hoeveelheid gebruiksure per jaar vir die volgende nege jaar verseker. Hierdie bydrae dien as 'n vooruitbetaling om te verseker dat ons skool se kinders toegang tot hierdie wêreldklasfasiliteit het en blootgestel word aan kwaliteit afrigting.

**2. Binnenshuise Sportkompleks**
Vanjaar se Graad 7-fonds het nie net lugversorging vir die saal moontlik gemaak nie, maar ook 'n bydrae gelewer tot die oprigting van die binnenshuise sportkompleks. Die kompleks sal opgerig word waar die huidige krieketnette is en sal in fases ontwikkel word. Die eerste fase, wat in die komende weke begin, behels die oprigting van die staalstruktuur en dak. Verdere fases sal aangepak word soos fondse beskikbaar raak. In hierdie kompleks sal hokkie, netbal, krieket, boogskiet en ander sportsoorte regdeur die jaar beoefen kan word.

**Baie dankie aan die Graad 7-fonds vir hul waardevolle bydrae.**

# Voorsitterverslag 2024

*Josey Hendriks*





**Die krieketnette (links) maak plek vir 'n nuwe binneshuise sportkompleks (regs)**

**Afsluiting:** Ek sluit af deur weer eens almal te bedank en die ouers van Laerskool Lichtenburg te verseker dat dit baie goed gaan met ons skool op alle gebiede. Die skool word skitterend bestuur deur ons professionele en passievolle skoolhoof en personeel.